Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2017

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek ŉ streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Die portrette op ons sitkamermuur. **[50]**

1.2 Om suksesvol te wees, beteken ... **[50]**

1.3 Wie nie waag nie, wen nie. **[50]**


1.4 Daar is 'n seisoen vir alles en 'n Perfekte Tyd vir elke begeerte. **[50]**

1.5 ***LOCAL IS LEKKER!***
Ek ondersteun eerder plaaslike musikante as internasionale popsterre. Stem jy saam met die stelling? Skryf 'n opstel waarin jy jou standpunt hieroor lug. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van die opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.


1.6.1




[Uit: www.google images.com] **[50]**

Kopiereg voorbehou 

1.6.2




[Uit: www.google images.com] **[50]**

1.6.3



[Uit: *Huisgenoot*, Desember 2015] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou meisie/kêrel woon in ŉ ander dorp/stad. Jy voel dat die verhouding nie meer *werk* nie. Skryf nou ŉ brief waarin jy redes gee waarom jy voel dat julle die verhouding moet beëindig. **[30]**

2.2 **TYDSKRIFARTIKEL**

Skryf ŉ artikel vir ŉ bekende tydskrif, waarin jy beskryf wat die beste opsie vir ŉ jongmens na matriek is. **[30]**

2.3 **INFORMELE VERSLAG**

Jou ma behoort aan ŉ spaarklub/stokvel en het jou gevra om haar te help met haar jaarlikse verslag. Skryf nou die verslag en noem ook ŉ paar aanbevelings wat hulle klub sal verbeter. **[30]**

2.4 **TOESPRAAK**

Jou ma/pa het ŉ B.A. graad ontvang. Skryf nou die toespraak wat jy vir hom/haar by die gradeplegtigheidspartytjie sal lewer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

**3.1 ADVERTENSIE**


Jou familie gaan na ŉ ander dorp/stad verhuis. Jy het besluit om ŉ garage-uitverkoping te hou om van alle onnodige artikels ontslae te raak. Ontwerp ŉ advertensie om jou bure van die uitverkoping in kennis te stel. **[20]**

**3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jou familie gaan na ŉ ander dorp/stad verhuis. Deel jou gevoelens hieroor met jou dagboek.
Maak TWEE dagboekinskrywings – die aand VOOR julle verhuis en ŉ week NADAT julle in die nuwe huis ingetrek het. **[20]**

**3.3 PADAANWYSINGS**

Julle hou ŉ partytjie om julle nuwe huis te vier. Skryf nou die padaanwysings vir julle gaste wat na die partytjie sal kom. Begin by die lughawe en volg die pyltjies. Dui alle bakens op die pad aan.




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**